

SONSTRAAL BYBELSTUDIE

31 MEI 2026

SPREUKE 12:19; 11:9

Woorde wat bou en woorde wat breek

Open

Vertel mekaar iets in van jou week. Laat iemand open met gebed en lees die teks gedeelte

- Kan jy dink aan die laaste week waar jy iets mooi gehoor het of self gesê vir iemand anders?
- Waar in die week het jy woorde gebruik wat jy eerder nie moes gebruik het nie, en waarom het jy dit gebruik?
- Wat veroorsaak dat ons in enige situasie – goed of sleg – praat soos ons doen?
- Kan ons, ons woorde verander?

Woorde kan óf stabiliteit bring óf skade aanrig. Die wysheid van Spreuke wys dat karakter en woorde onafskeidbaar is.

Agtergrond

Die grootste deel van Spreuke word aan Koning Salomo toegeskryf, bekend vir sy buitengewone wysheid. Ander wysheidsleraars het ook bygedra, soos Agur (hfst. 30) en Lemuel (hfst. 31). Die boek is waarskynlik oor 'n lang tydperk saamgestel – van Salomo se regering (10de eeu v.C.) tot ná die ballingskap. Spreuke is deel van die wysheidsliteratuur van die Bybel. Dit fokus nie op Israel se geskiedenis of profesieë nie, maar op praktiese, alledaagse wysheid.

Die boek leer:

- Hoe om reg te leef
- Hoe om wys besluite te neem
- Hoe om verhoudings te bou
- Hoe om God te eer in gewone dinge

Dit is nie beloftes nie, maar waarskynlikhede.

Gesels saam

1. Wat beteken dit vir jou dat betroubare woorde 'stand hou'? Kan jy 'n voorbeeld gee van woorde wat lankal gesê is maar steeds waarde het?
2. Hoekom dink jy is dit makliker om negatiewe woorde te glo as positiewe woorde?
3. Hoe kan 'n mens prakties keer dat jou woorde ander 'vernietig'?
4. Hoe kan kennis en wysheid jou beskerm teen die skade van ander se woorde?
5. Hoe weerspieël Jesus se woorde van waarheid, liefde en lewe die beginsel in Spreuke dat betroubare woorde stand hou en dat woorde die mag het om óf te bou óf te vernietig – en wat beteken dit vir hoe ons self moet praat?

Afsluiting

Waarheidspraktyk: Ek gaan hierdie week doelbewus net eerlike, opregte woorde gebruik – selfs wanneer dit moeilik is.

Opboupraktyk: Ek gaan elke dag minstens een persoon opbou met 'n opregte compliment.

Stiltepraktyk: Ek gaan ophou om deel te neem aan skinder of negatiewe gesprekke.

Wysheidspraktyk: Ek gaan 'n Spreuke-vers per dag lees oor woorde en wysheid